



And above all these
put on love,

*which binds everything together in perfect unity.
Colossians 3:14*



• WELCOME •





Shofar Christian Church

Love is to care

Part Five

Karl Holz

¹Nou wys ek julle wat nog die allerbeste is: Al praat ek die tale van mense en engele, maar ek het geen liefde nie, het ek 'n stuk klinkende metaal, 'n galmende simbaal geword. ²Al het ek die gawe van profesie en ken ek al die geheimenisse en besit ek al die kennis, en al het ek al die geloof om berge te versit, maar ek het geen liefde nie, dan is ek niks. ³Al deel ek al wat ek het aan ander uit, en al gee ek my liggaam prys om my daarop te kan beroem, maar ek het geen liefde nie, baat dit my niks.

1 Korinthiers 13:1-3

⁴Die liefde is geduldig, die liefde is vriendelik; dit is nie afgunstig nie, is nie grootpraterig nie, is nie verwaand nie. ⁵Dit handel nie onwelvoeglik nie, soek nie sy eie belang nie, is nie liggeraak nie, hou nie boek van die kwaad nie. ⁶Dit verbly hom nie oor onreg nie, maar verheug hom oor die waarheid. ⁷Dit bedek alles, glo alles, hoop alles, verdra alles.

1 Korinthiers 13:4-7

⁵ Julle het ook vergeet van die aanmoediging wat tot julle as kinders van God gerig word: “My kind, moet dit nie gering ag as die Here jou tug nie en moenie mismoedig word as Hy jou tereg wys nie, ⁶want die Here tug hom wat Hy liefhet, Hy straf elkeen wat Hy as kind aanneem.” ⁷Verdra die tug as opvoeding, want God behandel julle as sy kinders. Is daar miskien 'n kind wat nie deur sy vader getug word nie?


Hebreërs 12:5-7

Jeremia 23:4

4 IDan sal Ek herders oor hulle aanstel, en dié sal hulle versorg, en hulle sal nie meer bang of verskrik wees nie en hulle sal nie meer wegraak nie, sê die Here.

Jesaja 40:11

11 Soos 'n herder versorg Hy sy kudde: die lammers maak Hy bymekaar in sy arms en Hy dra hulle teen sy bors, Hy sorg vir die lammerooie.



¹ n Psalm van Dawid. Die Here is my herder, ek kom niks kort nie. ²Hy laat my rus in groen weivelde. Hy bring my by waters waar daar vrede is. ³Hy gee my nuwe krag. Hy lei my op die regte paaie tot die eer van sy Naam.

Psalm 23:1-3

¹⁰ 'n Dief kom net steel en slag en uitroei; Ek het gekom sodat hulle die lewe kan hê, en dit in oorvloed. ¹¹“Ek is die goeie herder. Die goeie herder lê sy lewe af vir die skape.

Johannes10:10-11

¹² As iemand honderd skape het en een van hulle raak weg, sal hy nie die nege en negentig daar in die bergveld laat staan en die een wat weg is, gaan soek nie? ¹³En as hy hom kry, verseker Ek julle, is hy blyer oor hom as oor die nege en negentig wat nie weggeraak het nie. ¹⁴So is dit ook nie die wil van julle Vader in die hemel dat een van hierdie kleintjies verlore moet gaan nie.”


Mattheus 18:12-14

John 13:34-35 (ESV)

³⁴ A new commandment I give to you, that you love one another: just as I have loved you, you also are to love one another. ³⁵ By this all people will know that you are my disciples, if you have love for one another.”

John 13:34-35 (AMP)

³⁴ I am giving you a new commandment, that you love one another. Just as I have loved you, so you too are to love one another. ³⁵ By this everyone will know that you are My disciples, if you have love and unselfish concern for one another.”



*⁵⁸ Daarom, liewe broers, wees standvastig,
onwankelbaar, altyd oorvloedig in die werk van
die Here, omdat julle weet dat julle inspanning in
diens van die Here nie tevergeefs is nie.*

1 Korinthiers 15:58